# HISTORIOGRAFIE EN STILISTIEK: DIE VERKENNING VAN ENKELE KONTEMPORÊRE TENDENSE

(Eerste aflewering van twee artikels.)

**Johann WN Tempelhoff***

***Summary***

*Historiography and stylistics exploration of some contemporary trends*

*In the study attention is given to historiography as a means of determining the intellectual trends in a given period. Along with that the principle of stylistics is outlined as a means of expressing style and style trends that give the discipline of history and its practitioners a very specific identity.*

*There is a suggestion that within the paradigm of a framework of production it is possible to determine certain trends. Science, the spirit of the times and the self can be considered as key components in determining the way in which historical writing is conducted. From that comes the unique way in which historians contemporise the past.*

---

## 1. INLEIDING: DIVERSITEIT IN DIE BEOEFENING VAN GESKIEDSKRYWING[1]

Gedurende die tagtigerjare van die twintigste eeu het 'n populêre Britse geskiedenistydskrif 'n opname gemaak van die verskillende soorte geskiedskrywing wat aan die orde van die dag was. In die vraagstellings na **What is history today...?**,[2] het historici min moeite ondervind om soveel as tien verskillende soorte geskiedsbeoefening te omskryf. Elkeen van hierdie benaderings tot die verlede het oor 'n stewige teoretiese grondslag beskik. Dit was ook nie lank nie of daar is oor 'n "nuwe" benadering tot die geskiedenis gespekuleer.[3] Op alle terreine van die dissipline het spesialiste toegegee dat merkbare klemverskuiwings aan die orde was. In 'n mindere mate is erken dat hierdie verskuiwings die resultaat was van die globale

* Skool vir Basiese Wetenskappe, Fakulteit Vaaldriehoek, Potchefstroomse Universiteit vir CHO.

1 Gedeeltes van hierdie teks is gebruik vir 'n voordrag gelewer op uitnodiging van die Departement Geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch, 9 Mei 2002. Die studie is gebaseer op gedeeltes uit **Verhuidiglikte verlede - aspekte van die herneutiese verstaansmetode in die dissipline van geskiedenis** wat in 2002 gepubliseer is.

2 Die artikels is sedertdien in 'n boek gepubliseer. Kyk J Gardiner (red.), **What is history today...?** (Londen, 1988).

3 P Burke (red.), **New perspectives on historical writing** (Cambridge, 1991).

politieke gebeure van die era wat perspektiewe op die geskiedenis verander het. Teen die jaar 2001 het historici se siening omtrent die veelfasettigheid van die dissipline so verander dat Marwick verklaar het:

> (I)n historical writing today no area of human experience is ruled out. We are not now concerned with the turning of the wheel of fashion: no one sub-history is in fashion today, rather all types of history are being pursued in a vigorous, sophisticated, and disciplined manner.[4]

Die tyd en omstandighede waarin die historikus hom-/haarself bevind, bepaal die styl van geskiedskrywing wat relevant is. Dit gaan oor 'n vraag wat aan die verlede gestel word. Byvoorbeeld, een eienskap van kontemporêre samelewings is hul inherente diversiteit. Die gevolg is dat 'n magdom vrae aan die orde kom en van historici word verwag om antwoorde op uiteenlopende maniere te voorsien. In die lig daarvan is die diversiteit en bykans onbeperkte klassifikasiemoontlikhede van historici se werk tans 'n uitstaande eienskap van die dissipline. Trouens, daar word in die huidige tydsgewrig - een waarin postmoderniteit baie aandag geniet - aanvaar dat die doek waarop historiese skilderwerk onderneem word, juis tegnologiese innovasie tesame met opvoeding en sosiale en politieke ervaring so aanwend dat aan die geskiedenis nuwe inhoude verleen kan word.[5]

Dit gaan oor 'n konstruktiewe insig oor die wyse waarop geskiedenis geskryf word en op welke manier dit aaneengeskakel kan word in die proses van geskiedskrywing wat reeds geproduseer is. Hierdie konsentrasieveld van geskiedenis staan bekend as die geskiedenis van geskiedskrywing of historiografie. Dit is 'n belangrike navorsingsveld omdat in historiografie daar op die historikus as skrywer, leser van geskiedenis en die teks as sodanig gekonsentreer word.[6] Historiografie, as die sintese van historiese data in 'n narratiewe konteks,[7] open voortdurend nuwe insigte op ons perspektief van die bestudering van 'n verhuidiglikte verlede. As 'n vertakking van geskiedskrywing is historiografie 'n vorm van intellektuele, ideë- en/of mentaliteitsgeskiedenis. Dit is 'n tradisie in die beoefening van geskiedenis as

---

4 A Marwick, **The new nature of history: knowledge, evidence, language** (Houndmills, 2001), p. 145.

5 Vir onlangse opmerkings daaroor kyk veral M Trachtenberg, "The past under siege: a historian ponders the state of his profession - and what to do about it" en AC Kors, "The future of history in an increasingly unified world" in E Fox-Genovese en E Lasch Quinn (reds.), **Reconstructing history: the emergence of a new historical society** (New York, 1999) pp. 9-17; Vir ouer opmerkings daaroor kyk Gardiner, p. 1; AW Coats, "Explanation in history and economics" in **Social Research**, 56(2), 1989, p. 332.

6 FR Ankersmit, **History and tropology: The rise and fall of metaphor** (Berkeley, Los Angeles, Londen, 1994), p. 127; A Marwick, **The new nature of history: knowledge, evidence, language**, p. 29.

7 L Gottschalk, **Understanding history: a primer of historical method** (New York, 1950), p. 50.

wetenskap wat tans veral op kulturele diskontinuïteite konsentreer wat van wesentlike belang vir ons begrip van die verlede is.[8]

In die Suid-Afrikaanse geskiedenis is reeds heelwat uitstaande historiografiese werk verrig. Die beste werk, veral op die terrein van die Afrikaanse geskiedskrywing, maar ook in die daarstelling van die basiese ontwikkelingstendense in die twintigste eeu, is deur FA van Jaarsveld gelewer.[9] Op die Engelstalige terrein het die werk van HM Wright in die sewentigerjare tot omvattende verkenning deur van die voorste historici aanleiding gegee.[10] C Saunders[11] en K Smith[12] se werk is van die bekendste monografiese studies. Die tendens in Engelstalige historiografie was egter toenemend daarop afgestem om die oorsake van die rassebestel in Suid-Afrika na te speur. In hierdie verband kan op die jongste historiografiese studie deur P Maylam gelet word.[13] By die lees van die werk van enkele van bostaande skrywers sal dit vir die student moontlik wees om 'n indruk te kry van die historiografiese ontwikkeling wat sedert die negentiende eeu in Suid-Afrika plaasgevind het. Nie alleen sal die werke 'n oorsig van die geskiedskrywing gee nie, daar sal ook terselfdertyd insigte gedeel word oor die heersende omstandighede wat bepaalde geskiedskrywing in die hand gewerk het.

Historiografie is ineengeweef met styltendense. Indien dit moontlik is vir die historikus as navorser om sekere basiese onderskeidings te maak, word die taak van historiese navorsing aansienlik vergemaklik. Deur te klassifiseer word geraadpleegde werk reeds vroeg in die navorsingsproses na waarde geskat. Sodoende kan onnodige moeite in die navorsingsproses gespaar word.

---

8 PH Hutton, **History as an art of memory** (Hanover, 1993), p. 166.

9 Enkele van sy historiografiese werke is: **Afrikanergeskiedskrywing: verlede, hede en toekoms** (Johannesburg, 1992); **The Afrikaner's interpretation of South African history** (Kaapstad, 1964); **Die beeld van die Groot Trek in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing, 1843-1899** (Pretoria, 1963); **Eise van ons tyd aan die geskiedskrywing** (Johannesburg, 1968); **Geskiedkundige verkenninge (Pretoria, 1974); Historical consciousness and the reinterpretation of history** (KwaDlangezwa, 1989); **Moderne geskiedskrywing: opstelle oor 'n nuwe benadering tot geskiedenis** (Durban, c1982); **Omstrede Suid-Afrikaanse verlede: geskiedenisideologie en die historiese skuldvraagstuk** (Johannesburg, 1982); **Ou en nuwe weë in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing** (Pretoria, 1961).

10 HM Wright, **The burden of the present: liberal-radical controversy over Southern African history** (Kaapstad, 1977).

11 C Saunders, **The making of the South African past: major historians on race and class** (Kaapstad, 1988).

12 K Smith, **The changing past: trends in South African historical writing** (Johannesburg, 1988).

13 Kyk P Maylam, **South Africa's racial past: the history and historiography of racism, segregation and apartheid** (Aldershot, 2001).

## 2. DIE PARADIGMA VAN PRODUKSIE: WETENSKAP, TYDSGEES EN DIE SELF

Geskiedenis as dissipline word selde in 'n staat van isolasie beoefen. Juis vanweë die wye veld van konsentrasie wat aan die orde is - die algehele menslike verlede - kan die dissipline nouliks in afsondering bedryf word. Akademiese geskiedskrywing wat ten doel het om 'n verhuidiglikte verlede te verken, is die resultaat van 'n bepaalde paradigma wat gebalanseer word tussen die heersende stand van wetenskaplike kennis; die tydsgees waarbinne geskiedskrywing plaasvind en tendensontwikkelinge binne die dissipline self - met 'n aksent op die persoonlike ingesteldheid van die historikus.[14] Enkele kontemporêre aspekte wat met hierdie paradigma van geskiedenisproduksie verband hou, kan kortliks as voorbeeld uitgelig word.

### 2.1 Die wetenskap: van interdissiplinêre na de-dissiplinêre geskiedsbeoefening.

Die grense tussen akademiese dissiplines, soos dit in die moderne akademiese milieu tot stand gekom het, het tot laat in die twintigste eeu 'n betreklike konsekwente en stabiele ontwikkelingsgang vertoon. Daar was voortdurend tendensverskuiwings, soos byvoorbeeld die neiging van veral die *Annales*-skool van historici in Frankryk, om meer multi-dissiplinêr te funksioneer. Reeds teen die dertigerjare van die vorige eeu was dit vir die vroeë beoefenaars van die *Annales*-benadering tot die dissipline duidelik dat geografie, antropologie, taalstudie, ekonomie en sosiologie, noodsaaklike bondgenote is in die bestudering van die verlede. Die interafhanklikheid van die wetenskap was 'n daadwerklike behoefte wat in die meeste akademiese kringe ervaar is. Huizinga, die vooraanstaande Nederlandse kultuurhistorikus, het dit as volg verwoord:

> Interdependentie wordt het wachtwoord van alle moderne beschouwing van menschelijk en maatschappelijk gebeuren. Of het de sociologie betreft, of de economie, de psychologie of de historie, overal moet eenzijdige, orthodox-causale verklaring plaatsmaken voor het erkennen van veelzijdige, samengestelde betrekkingen en wederzijdsche afhankelijkheden.[15]

Teen die tyd dat die strukturalisme as tendens in die menswetenskappe aan die einde van die sewentigerjare van die twintigste eeu vir dekonstruksie plek ingeruim

---

14 RV Daniels, **Studying history: how and why** (Englewood Cliffs, 1972), p. 26.

15 J Huizinga, **In de schaduwen van morgen: een diagnose van het geestelijk lijden van onzen tijd** (Vierde hersiene druk, Haarlem, 1935), p. 50.

het,[16] was die terrein vir ander insigte oor die multi-dissiplinêre wetenskapsbeoefening reeds voorberei. Foucault was as filosoof en historikus van mentaliteite, deelgenoot in die inisiëring van die klemverskuiwing. Vir hom het dit lank nie meer oor bloot die ontmoeting tussen geskiedenis en filosofie gegaan nie. Hy het eerder op die geleenthede gelet wat bestaan het vir mense wat daarna streef om hulself te de-dissiplineer.[17] Saam daarmee was Lyotard, se **La Condition postmoderne: rapport sur le savoir** (1979) 'n rigtingwyser vir 'n nuwe, klaarblyklik grenslose geskiedenis. Hy het verduidelik dat wetenskaplike kennis eintlik 'n soort diskoers is en dat die "toonaangewende" wetenskappe wat sedert die veertigerjare van die twintigste eeu opgang gemaak het, regstreeks met taal verbind kon word. Daar is verwys na fonologie, teorieë van die linguistiek, probleme van kommunikasie en kubernetika, moderne teorieë van die algebra en informatika en hul onderskeie tale, probleme van inligtingstoring en databasisse, telematiek en die daarstelling van doeltreffende terminale en die skepping van begrip vir paradoksologie.[18] Vir historici het hierdie benadering bepaalde implikasies gehad. Rigney verklaar byvoorbeeld:

> When you use language you engage in an activity whose primary function is to transmit intelligible information to someone else. For discourse by definition involves trying to "make sense"; that is, it involves making a point about the world and not reproducing the world itself in all its plenitude.[19]

Lyotard het voorspel dat 'n revolusie gaan plaasvind en dat die aard van kennis onteenseglik gaan verander.[20] Die revolusionêre aard van die "omwenteling" was egter onderhewig aan die perspektief daarvan, soos deur die waarnemer raakgesien. In een van sy laaste werke het Lyotard sy perspektief oor die aard van revolusie in die geskiedenis as konsep deur die oë van Malraux as volg weergegee:

> (H)istory ... does nothing but follow its revolutions like so many planets spinning or vegetation under the law of seasons: blind necessity.[21]

16 JJ Kockelmans, "Continental philosophy" in R Audi (red.), **The Cambridge dictionary of philosophy** (Tweede uitgawe, Cambridge, 1999), p. 181.

17 J Goldstein, "Foucault's technologies of the self and the cultural history of identity" in J Neubauer (red.), **Cultural history after Foucault** (New York, 1999), p. 39.

18 Die vertaling in Engels is: J-F. Lyotard, **The postmodern condition: a report on knowledge** (Vertaal deur deur G Bennington en B Massumi, Minneapolis, 1993), pp. 3-4.

19 A Rigney, "Relevance, revision and the fear of long books" in FR Ankersmit en H Kellner (reds.), **A new philosophy of history** (Londen, 1995), p. 129.

20 **Ibid.**, p. 4.

21 J-F Lyotard, **Signed, Malraux** (Vertaal uit die Frans, Signé Malraux (1996), deur R Harvey, Minneapolis, 1999), p. 127.

Dit impliseer dat terwyl wetenskaplikes in ander dissiplines kwistig van die geskiedenismetodologie gebruik maak, daar vanselfsprekend van die historikus verwag word om ook van ander dissiplines se metodes gebruik te maak. Dit gaan opsluit oor die behoeftes wat mag bestaan om aan 'n verantwoording van die verlede gestalte te gee. Dikwels gebeur dit dat die beoefenaar van 'n bepaalde dissipline van 'n ander dissipline gebruik maak om sodoende aan nuwe en sinvolle aspekte in sy/haar bepaalde dissipline gestalte te gee. Seker van die beste voorbeelde in hierdie konteks is die werk van Max Weber[22] en Michel Foucault. Weber het as sosioloog waardevolle insigte by historici tuisgebring. Foucault was 'n filosoof en opgeleide psigoloog wat hom op die terrein van die geskiedenis van mentaliteite onderskei het.

Daar is ook 'n ander kant van die munt. Die vraag ontstaan of dit werklik nodig is vir die historikus om buite die grense van die dissipline te beweeg ten einde nuwe velde van konsentrasie te verken. Megill verwoord dit as volg:

> Disciplines - history included - have boundaries. Scholars who are firmly within a discipline most often do not think about its boundaries. Instead they feel its constraints as simply those of good scholarship generally.[23]

In 'n groot mate is die antwoord op die problematiek gesetel in die wyse waarop die historikus sou verkies om die verhuidiglikte verlede in oënskou te neem. Een faktor wat altyd in oorweging geneem moet word, is die feit dat dit in die belang van die wetenskap is om die beste beskikbare tegniek te gebruik wanneer kennis ontsluit word. Terselfdertyd is dit ook belangrik om in gedagte te hou dat die radikaalste tegniek nie noodwendig die beste resultaat gaan oplewer nie.

Die mode om aan die teoretiese grondslae van geskiedenis binne 'n radikale raamwerk gestalte te gee, is 'n eienskap wat in die laaste twee dekades van die twintigste eeu 'n hoogtepunt bereik het. "Radikaal" beteken in hierdie konteks grondige en algehele herbesinning oor inhoud. Die paradigmatiese verskuiwings wat plaasgevind het, is van so 'n aard dat aan die begin van 'n nuwe millennium, daar nouliks 'n uitspraak oor die verlede of die toekoms gemaak kan word wat as 'n totale afwyking van die historiese sisteem as denkruimte beskou kan word. McClay verklaar byvoorbeeld:

---

22 J Topolski, "Was ist historische Methode?" in C Meier en J Rüsen (reds.), **Theorie der Geschichte: Beitrage zur Historik, V: Historische Methode** (München, 1988), p. 103; Kyk ook C Lloyd, **The structures of history** (Oxford, 1993), pp. 78-9.

23 A Megill, " 'Grand narrative' and the discipline of history" in Ankersmit en Kellner, p. 151.

> The discipline of history is the science of incommensurable things and unrepeatable events. Which is to say, it is no science at all.[24]

In werklikheid, meen hy, kan menslike sake uiteraard nie gekanaliseer word om binne die raamwerk van enige wetenskaplike metode te konformeer nie.[25] Hy provokeer vakgenote en daag hulle uit:

> There is, then, a certain quixotic absurdity built into the very task historians have taken on. History strives, like all serious thought, for the clarity of abstraction. We would like to make its insights as pure as geometry, and its phrases as effortless as the song warbled by Yeats' golden bird of Byzantium. But its subject matter - the tangled lives of human beings, in their unique capacity to be both subject and object, cause and effect, active and passive, free and situated - forces us to rule out that goal in advance. Modern historians have sworn off forays into the ultimate. It's just not part of their job description anymore. Instead, their generalizations are always generalizations of the middle range, carefully hedged about by messy qualifications and caveats, and weighted down by a certain plodding literal-mindedness.[26]

Indien ons meen dat sy standpunt aanvaarbaar is, wil dit voorkom asof die dissipline van geskiedenis meer as net 'n enkelvoudige kanaal van denke is. Dit kom neer op 'n denkwyse waarin onnodige en kunsmatige grense bevraagteken word as deel van 'n de-dissiplineringsoefening. Dat daar in die toekoms verskuiwings mag plaasvind om die dissipline weer eens van 'n selfstandige status te verseker, ly geen twyfel nie. Die druk waarmee die gedagte in die akademiese gespreksruimte deurgevoer word, sal bepaal in hoeverre die dissipline van geskiedenis weer veld sal wen. 'n Betekenisvolle gebeurtenis kan 'n regstreekse invloed op die dissipline uitoefen. Die samelewing stel vrae aan die verlede. Dit is dan die taak van die historikus om die verlede te verhelder deur nuwe insigte tuis te bring oor die wyse waarop relevansie ontgin kan word. Die dissipline verseker dan ook 'n verwysingsveld vir die samelewing wat in 'n fase van tydelike onstabiliteit verkeer.

---

24 WM McClay, "Clio's makeshift laboratory" in **First things** 111, Maart 2001, pp. 23-7 by http://www.firstthings.com/ftissues/ft0103/articles/mcclay.html.

25 **Ibid**.

26 **Ibid**.

### 2.2 Van die nasionale staat tot 'n globaliserende wêreld

In die negentiende eeu was die klassieke wetenskaplike geskiedskrywing, soos deur Ranke ontwikkel, 'n regstreekse produk van die ontluikende idee van die nasionale staat. Sedert die sestiende en sewentiende eeu is in Europa oor die potensiaal van 'n groterwordende staatsentiteit bespiegel. Eers aan die einde van die agtiende eeu het dit behoorlik beslag gekry. In die negentiende eeu is die idee van die nasionale staat in Wes-Europa, met die totstandkoming van 'n verenigde Italië en Duitsland, tot 'n ongekende hoogtepunt gevoer. Onderliggend tot hierdie proses het historici die tydsgees verwoord deur op 'n bepaalde wyse op die ontwikkelingsgeskiedenis van die idee van die nasionale staat klem te lê. Teen die twintigste eeu het perspektiewe oor die nasionale staat aansienlike wysigings ondergaan.[27] Veral nadat gelet is op die wrange gevolge van misplaaste nasionalistiese ywer - soos in die geval van die nasionaalsosialistiese bewind in Duitsland tussen die twee wêreldoorloë - is die wenslikheid van die gedagte aan die wordingsgeskiedenis van die nasionale staat bevraagteken. Saam daarmee het kritiese denkskole, onder meer in die marxistiese geskiedskrywing, oor die konsep van die nasiestaat ontstaan. Die relevansie van die nasionale staat in 'n wêreld wat klaarblyklik histories besig was om te wag op 'n grootskeepse revolusie om plaas te vind, het min sin gemaak.

In 1989, met die ineenstorting van die ideologiese oos-wesverdeling het 'n nuwe era aangebreek waarin daar van die standpunt uitgegaan is dat die ideologie van liberale demokrasie 'n oorwinning behaal het. Belangriker nog was die aanduiding dat die behoefte aan 'n nasionale staat (en die geskiedenis van die nasionale staat daarmee saam) besig was om te taan. In 'n wêreld wat deur middel van die tegnologie aangedryf is en ongekende kommunikasiekanale tot sy beskikking gehad het, was die belangrikste prioriteit die daarstelling van 'n globale geskiedenis van die mensheid. Die dominansie van die ekonomiese kragte om op 'n betekenisvolle wyse die rigting van die toekoms uit te spel, het onteenseglik in Europa aan die begin van 2002 gemanifesteer. 'n Landstreek, met uiteenlopende kultuurgroeperinge, wat die bakermat van die westerse beskawing vir ruim 2 000 jaar uitgemaak het, het daartoe oorgegaan om 'n eenvormige geldstelsel in te voer. Daarmee saam is meer en vinniger as in die voorafgaande halfeeu in die rigting van 'n gedenasionaliseerde lotsbestemming beweeg. Dit is teen hierdie agtergrond dat historici voortdurend die verlede interpreteer ten einde 'n relevante perspektief daar te stel. Dat 'n osmotiese interaksie tussen die heersende tydsgees en die weergawe van die historiese verlede bestaan, ly geen twyfel nie. Die historikus kan nouliks in isolasie van die wêreld om hom/haar heen na behore die dissipline beoefen.[28]

27 Vir 'n interessante bespreking oor die saak kyk EJ Palti, "The nation as a problem: historians and the 'national question'" in **History and Theory** 40(3), Oktober 2001, pp. 324-46.
28 Daniels, p. 26.

### 2.3 Veranderende selfperspektiewe by die historikus

Terwyl met reg gekonstateer kan word dat die mens nouliks verander, is dit ook so dat die verwagtinge en die funksionering van die mens voortdurend aan verandering uitgelewer is. Daarvan kan die geskiedenis getuig. In die afgelope eeu het bepaalde veranderinge in individuele en samelewingswaardes na vore gekom. Byvoorbeeld, heroriënterings ten opsigte van seksualiteit, die beginsel van geslagtelike identiteit en selfbemagtiging (veral op die terrein van die vroulike identiteit en status in die samelewing en die regstreekse intervensie om rasgelykheid te bevorder) is enkele voorbeelde van verskuiwings wat plaasgevind het. Ook het die materiële behoeftes van die mens aansienlik verander. Dit het alles veroorsaak dat daar op 'n ander manier na die gesitueerdheid van die self gelet word.[29] Op geskiedskrywing het dit 'n daadwerklike invloed wat selde in die hede akkuraat beskryf kan word omdat die proses van menswees in 'n bepaalde tyd op 'n verskuilde manier (as gevolg van 'n geestelike skotomiseringseffek[30]) moeilik waarneembaar is. Tog is geskiedskrywing, soos enige vorm van skryfwerk, 'n intense en persoonlike weergawe van die self. Ankersmit verduidelik byvoorbeeld:

> (W)riting may show us what we really think and who we really are: in that case we effectively "realize ourselves" in and by writing. In this way we enter into a contact with ourselves that transcends the subject/object dichotomy.[31]

Die beste voorbeeld van die veranderlikheid van die mens as geskiedenisskeppende wese is om te let op die manier waarop outobiografie geskryf word. Die moderne outobiografiese studie is 'n betreklike nuwe vorm van geskiedskrywing. Ofskoon daar reeds vroeg in die Westerse tradisie aanduidings van outobiografiese geskiedskrywing was, het dit in die era van die Renaissance in Italië vir die eerste keer prominent as 'n genre gemanifesteer - deels as gevolg van die ontdekking van die self.[32] Later het dit in aansien toegeneem as bron van historiese inligting. Deurentyd was (en is daar ook nog steeds) 'n groot mate van huiwering oor die betroubaarheid van outobiografiese inligting. In die jongste jare het historici self

---

29 Vir meer hieroor, raadpleeg J Tempelhoff, "Skotomisering en die nuwe kultuurgeskiedenis: 'n eschatologiese hoogtepunt?", Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis 16(1), Junie 2002, pp. 1-20. Kyk ook J Pieters, "New historicism: Postmodern historiography between narrativism and heterology" in **History and Theory** 39(1), February, 2000, pp. 21-35.

30 Skotomisering word in metaforiese konteks beskou as 'n toestand van kognitiewe "blindheid" in wetenskapsbeoefening. Dit vind plaas op 'n tydstip wanneer dit vir die historikus onmoontlik is om 'n bepaalde tendens in die geskiedenis raak te sien.

31 FR Ankersmit, "Hayden White's appeal to the historians" in **History and Theory** 37(2), May 1998, p. 190.

32 P Burke, "Representations of the self from Petrarch to Descartes" in R Porter, (red.), **Rewriting the self: histories from the Renaissance to the present** (Londen, 1997), p. 17.

begin om outobiografiese werke te lewer. Die selfbewustheid wat aan die orde is in outobiografiese mededeling is van dissiplinêre waarde aangesien die historikus verplig word om op die verlede te konsentreer as rolspeler en as waarnemer. Tussendeur moet betrokkenheid in die belang van sinvolle historiese narratief getemper word.[33] Daardeur word die historikus in staat gestel om op 'n minder selfbevange manier op die oordrag van historiese inligting te konsentreer.[34] Metodologies is outobiografie as styltendens in geskiedskrywing vir die historikus van groot waarde. Benewens die feit dat 'n begrip daardeur ontstaan vir die problematiek van narratiewe beskrywing, gee outobiografie daartoe aanleiding dat die historikus self kennis neem van hoe om die verlede, wat deel was van sy/haar tyd, binne die veld van beskrywende geskiedenisnarratief te bring. Belangriker nog, is dat die historikus vanuit die eie perspektief verplig word om sinvol te redeneer en 'n retoriese samehang te skep.[35] In 'n era waarin daar van die individu verwag word om toenemend met 'n groter mate van openheid as voorheen in die alledaagse wêreld te funksioneer, wil dit dus voorkom asof ook die historikus op hierdie terrein van verkenning besig is om aan heersende samelewingstendense in die beoefening van geskiedenis aandag te skenk.

## 3. GESKIEDSKRYWING EN STYL

In 'n groot mate is geskiedskrywing die resultaat van styl. Die begrip styl, is afgelei van die Griekse woord *stizõ* wat in Frankiese-Latyn met *stilus* of *stiglus* vereenselwig word.[36] Die stilus was 'n skerp voorwerp wat gebruik is om op 'n wastablet te skryf. Oorspronklik het styl dus op die visuele voorstelling van denke (in die vorm van skrif) betrekking gehad, vandaar die kenmerkende identifikasie van styl met die tegniek van skryf. Die betekenis van styl, weens die geladenheid en veelkantigheid van die begrip, het so uitgebrei dat dit ook op artefakte soos byvoorbeeld meubels en klere, van toepassing gemaak kan word. Vandag word aanvaar dat styl, benewens die letterkundige en kunstige konnotasies wat daaraan gekoppel word, in die besonder ook op veranderinge in modes en selfs gedrag van toepassing kan wees.[37] Styl is dus 'n veelsydige begrip wat ryk aan betekenis is en op verskeie maniere geartikuleer kan word om op die geskiedenis van toepassing te wees. Vir die doeleindes van hierdie bespreking word aanvaar dat styl betrekking het op 'n bepaalde manier waarop sekere skeppende menslike aktiwiteite uitgevoer word. In

33 M Dintenfass, "Crafting historians' lives: Autobiographical constructions and disciplinary discourses after the linguistic turn" in **The Journal of Modern History** 71(1), March 1999, p 154.
34 **Ibid**., pp. 155-6.
35 JD Popkin, "Historians on the autobiographical frontier" in **The American Historical Review** 104(3), June 1999, p. 728.
36 A Findlater, **Chambers' etymological dictionary of the English language** (Londen, s.d.), p. 497.
37 A-L Norton (red.), **The Hutchinson dictionary of ideas** (Oxford, 1994), p. 492.

die geval van geskiedenis sou dit daarop neerkom dat 'n bespreking van stilistiek grootliks betrekking het op die wyse waarop historici geskiedenis skryf.

Daar kan hoofsaaklik drie stilistiese tendense in die geskiedenisdissipline geïdentifiseer word. Dit kan eerstens gesien word as die formele manier waarop die geskiedenis binne die konteks van 'n vasgestelde formele styl geskryf word. So byvoorbeeld kan geredeneer word dat daar in die geskiedenis groot waarde aan voetnote geheg word. Daardeur word 'n bepaalde diskoers in die dissipline gevestig wat binne 'n verstaanbare konteks vir alle praktiserende historici oorgedra word. 'n Tweede benadering van styl het betrekking op formele maniere waarop die historikus geskiedenis skryf. Die verlede kan byvoorbeeld in die outobiografiese, biografiese, monografiese, analitiese of narratiewe inligtingsoordrag deurgegee word. 'n Derde vlak waarop styl van toepassing kan wees, is in die skryf- of aanbiedingswyse van die verlede deur die individuele historikus. Dit kom daarop neer dat hy/sy oor 'n bepaalde skryfstyl beskik wat tot interessante interpretasies aanleiding kan gee wanneer die skryfstyl aan linguistiese analise onderwerp word. Hayden White se strategie vir metahistoriese klassifikasie sal van daadwerklike waarde in die tweede en derde vlak van styl van toepassing wees.[38]

### 3.1 Formele metodologiese styl

Wanneer die historikus geskiedenis skryf, vind dit plaas in ooreenstemming met bepaalde konvensies van styl wat as "histories" aanvaarbaar beskou kan word. Daar word byvoorbeeld 'n mededeling omtrent die verlede gemaak wat in chronologiese of tematologiese konteks georden is. Bykomend gaan dit oor die manier waarop gekonstrueerde feite van 'n verantwoordbare en verwysbare basis voorsien word. Akademiese historici is byvoorbeeld geneig om nougeset op die wetenskaplike verwysingstegniek te konsentreer. Daar word dan in die proses van skryfwerk daarvan werk gemaak om gegewens te verantwoord. Ook word die bronne wat geraadpleeg is nougeset in bronnelyste aangestip. Die produk van historiese arbeid is dan merendeels die resultaat van 'n gekonsentreerde en gedokumenteerde stelsel van inligting wat ingesamel is met die doel om 'n bepaalde perspektief op 'n gedeelte van die verlede te werp.

Die ontwikkeling van grenslose geskiedsbeoefening, wat tans in die mode is, het die poorte vir uitsonderlike benaderings tot die geskiedenis oopgemaak. So byvoorbeeld word soms weggeskram van die gebruik van voetnote in wetenskaplike

[38] Kyk H White, **Metahistory: the historical imagination in nineteenth-century Europe** (Baltimore, 1973).

verslagdoening.[39] Daar word selfs in sommige gevalle heeltemal van konvensies met betrekking tot bibliografie, verwysing en historiografiese verslagdoening afstand gedoen. Dit is om hierdie rede dat dit nodig is om van verskillende tendense kennis te neem soos dit in die geskiedskrywing beslag gekry het. In die betrokke opsig sal 'n bepaalde manier van geskiedenisvoorstelling relevant wees. Die analise van styl sal dan in hierdie betrokke konteks van toepassing wees op die bestudering van sekere tegniese aspekte van die manier waarop geskiedenis geskryf word.

Daar word besondere waarde geheg aan die styl wat die historikus openbaar in die ontsluiting van die verlede. Dat dit 'n kreatiewe geleentheid is om die individuele identiteit af te stempel, ly geen twyfel nie. Styl verteenwoordig terselfdertyd ook 'n geformaliseerde vorm van kennisoordrag. Dit is die naamtekening van die historikus se verbeelding wat dominant binne die raamwerk van 'n bepaalde Whiteyaanse troop voorgestel word. Dit kan ook by wyse van figuurlike uitdrukking plaasvind of in die teks wees wat aan die leser voorgehou word.[40]

### 3.2 Die styl van skryfwyse

Geskiedenis is en bly 'n manier van letterkundige uitdrukking. Uiteenlopende klassifikasies van style in die geskiedskrywing is aan die orde van die dag. Nietzsche het byvoorbeeld geskiedenis in drie kategorieë gedeel, te wete monumentale, antikwariese en kritiese geskiedenis.[41] Die styl van grootsheid, eenvoudige mededelings omtrent 'n nie-noodwendig relevante verlede, asook 'n kritiese ingesteldheid tot die verlede, openbaar bepaalde eienskappe wat sommige historici met bepaalde persoonlikheidseienskappe sou verkies om te skryf. Opsluit is en bly geskiedenis 'n letterkundige uitdrukking van menslike gedagtes. As geskrewe rekord van die verlede is geskiedenis 'n letterkundige onderwerp wat op net soveel statuur as enige kreatiewe skryfwerk in die letterkunde kan staatmaak.[42]

### 3.3 Die styl van aanbiedingswyse

Dit is ook moontlik om van 'n bepaalde stilistiese invalshoek te praat in die geval van die *Annales*-skool van historici. Een van die belangrikste eksponente van dié skool, Fernand Braudel, het die strukturalistiese benadering so verfyn dat daar aanvaar word dat in die konteks van die *Annales* die narratiewe tradisie van sekondêre

39 Kyk bv. C Van Onselen, "Jewish marginality in the Atlantic world: organised crime in the era of the great migrations, 1880-1914" in **South African Historical Journal** 43, 2000, pp. 96-137.

40 PH Hutton, "Mnemonic schemes in the new history of memory" in **History and Theory** 36(3), 1997, p. 378.

41 S Bann, "History as competence and performance: Notes on the ironic museum" in FR Ankersmit en H Kellner (reds.), **A new philosophy of history**, p. 198.

42 Daniels, p. 62.

belang was.[43] Strukturalisties het Braudel drie vlakke van historiese ontwikkeling geïdentifiseer. Hy het van standpunt uitgegaan dat daar 'n diep laag van bykans *onbeweeglike geskiedenis* (*Histoire longue durée* of *quasi immobile*), is. Dit hou verband met natuurlike tendense soos byvoorbeeld die seisoene, weerpatrone en natuurlike mutasies wat oor 'n lang tydperk en bykans onopsigtelik plaasvind. 'n Tweede vlak is historiese tendense wat in konjunktuurvorm diepliggend manifesteer, maar nogtans waarneembaar is. Hierdie geskiedenis kan as ritmiese tendense (*l'histoire lentement rythmee)* beskryf word. Dit hou dikwels verband met ekonomiese siklusse wat met materiële voorspoed en terugslae gepaard gaan. Ook demografiese tendense kan hier van toepassing wees. Die derde vlak (*Histoire événementielle)* kan beskou word as die vlak van politieke geskiedenis wat dinamies en bykans wispelturig fluktueer na gelang van die politieke tendens wat aan die orde van die dag is.[44] Hierdie soort geskiedskrywing het die *Annales*-historici verklaar, is "tradisionele" geskiedskrywing.

Stilisties het die *Annales* vanuit 'n bepaalde perspektief op materiële kragte in die geskiedenis navorsing gedoen. Daardeur het hulle aan 'n spesifieke styl in terme van benadering gestalte gegee. Indien 'n styltendens aan hierdie benaderingswyse gekoppel kan word, sou dit moontlik wees om te konstateer dat die geskrewe teks in 'n groot mate deur grafieke, tabelle en statistiese gegewens belaai is. Daarnaas is sterk aksent op positivistiese herhaalbare tendense geplaas. Van 'n sterk verhalende narratief is min sprake. Daar is wel sterk manifestasies van strukturele en tematologiese beskrywing. Dit is in die reël geskiedskrywing wat geneig is om (wanneer dit suiwer wetenskaplik daargestel word) selde as 'n ontspannende leeservaring beskryf kan word.

Die heersende eise wat aan 'n historiese skryfstyl gestel word, is dat die historikus in skryfwerk op duidelikheid, helderheid en relevansie in die uiteensetting van gegewens omtrent die verlede konsentreer. Dit maak deel uit van 'n waardestelsel wat so oud is soos die geskiedskrywing self. Dit is net weer in onlangse jare opgediep omdat daar 'n mate van kritiek teen "te wetenskaplik geskrewe" geskiedenis was. Die klem is nou op verstaanbaarheid. Die gewone leser behoort 'n belangstelling in die lees van geskiedenisboeke te openbaar. Hierdie doelwit kan alleen verwesentlik word as die historikus so skryf dat die geskiedenis 'n interessante en leesbare leeservaring verteenwoordig.

43 P Munz, "The historical narrative" in M Bentley (red.), **Companion to historiography** (Londen, 1997), p. 853.

44 Kyk FA van Jaarsveld, **Westerse historiografie en geskiedenisfilosofie** (Kaapstad, 1980), pp. 78-9.